Bettysbaai Belastingbetalers-vereniging Jaarverslag 2017

1. INLEIDING

Bettiesbaai bly 'n aantreklike bestemming vanweë sy lae digtheid, rustige omgewing en pragtige natuurskoon. Die aktiewe eiendomsmark getuig hiervan.

Bettysbaai Belastingbetalersvereniging (BBBV) is een van die grootste verenigings van dié aard in die Overbergstreek , met 'n ledetal van 412.

Ek bedank graag alle lede en nie-lede wat die afgelope jaar vrywilliglik finansiële bydraes gemaak het, wat dit vir die organisasie moontlik gemaak het om 'n diens aan die gemeenskap te lewer.

In 2017 het ons voortgegaan om

SPANWERK

Nie een van ons is so slim soos ons almal saam nie

positiewe verhoudings met amptenary van die Overstrand Munisipaliteit te bou. Die Sandduin Plan is geïmplementeer en die veiligheid van die omgewing aangespreek. Die gemeenskapspolisiëring forum en die Buurtwag bly op 'n hegte basis.

2. KOMITEE

Ek wil graag al ons komiteelede bedank wat die afgelope jaar onveranderd gebly het. Dankie vir u toewyding en onselfsugtige en vrywillige bydraes van u persoonlike tyd.

Die Ondervoorsitter, Heine Foot, veral vir sy rol in die ‘Whale Coast Forum’ en die bestuur van die Crassula saal.
Adrian de Kock vir die hantering van ons finansies en Tim Mc Gavin, verantwoordelik vir die
sekretariële en boubeheer pligte. Die deelname van die ander lede van die komitee word ook erken. Jul aktiewe betrokkenheid binne die verskillende portefeuljes het gelei tot effektiewe spanwerk.

Hulle is Wilna Rademeyer (paaie en stormwater),
Bill Steyn (Veiligheid en Sekuriteit), Jorika Rabie
(Vrywillige Brandbestryding), Richard Starke
(Water en Sanitasie), Hilda van der Merwe (Strande,Fasiliteite en Duinebestuur) en Donn Ingle (Webwerf).

3. FINANSIËLE STAND

Die finansiële stand van die vereniging is gesond.
Die belangrikste uitgawes vir die afgelope jaar was:

• Vrywillige Brandweer
Brandbestrydingstoerusting R7 052.04
• Crassula-Saal
Versekering, munisipale heffings, R & M, toerusting, ens. R24 765.37
• Buurtwag
Nagsig toerusting R21 660.00
Magneet kentekens R 3 246.04
Radios, batterye ens. R 6 127.60
Versekering R 1 525.10
Selfoon oproep-kostes R 3 700.00
Opedag gemeenskapsbraai R 1 058.40
• Diverse uitgawes
Kettingsaag; ‘ Hackers’ R 7 184.07
Bettysbaai kaart R 5 000.00

Dit was moontlik gemaak met die ruimhartige bydraes van lede van die BBBV en fondsinsamelingsprojekte wat deur komiteelede geïnisieer is. Ek wil hierdie geleentheid gebruik om almal hartlik te bedank.

Die ledegeld vir 2018 bly onveranderd op R60 per persoon per jaar.

Die Tesourier het 'n gedetailleerde verslag oor die finansiële status van die vereniging voorberei.

4. SPESIALE AANSLAG GEBIED

In die 2016 Jaarverslag was daar melding gemaak van 'n Spesiale Aanslaggebied. Ons het hierdie saak nie vanjaar verder gevoer nie, as gevolg van die huidige ekonomie, inagenome die aantal afgetrede inwoners, getal onbeboude erwe in Bettysbaai en die vereiste vir 'n vyftig persent plus een stem vir die implementering van sodanige areas. In die verlede het ons lede ruim bygedra vir 'n spesifieke projek en ek salueer u almal. Ek is vol vertroue dat inwoners van Bettysbaai sal voortgaan om spesifieke projekte te borg in die beste belang van ons gemeenskap, wanneer dit nodig sou wees.

5. PORTEFEULJEVERSLAE

5.1 Wyk 10

As voorsitter van BBBV is ek herkies as lid van die 2018 Munisipale Wykskomitee --Wyk10, saam met 9 ander lede uit die gemeenskap. Die Voorsitter van die wyk is Raadslid Fanie Krige.

Ek wil Raadslid Krige bedank vir sy gereelde bywoning van die BBBV se komitee vergaderings en sy samewerking gedurende die jaar.

Die Wykskomitee- stelsel is die amptelike kanaal van kommunikasie tussen die gemeenskap en munisipaliteit aangaande munisipale aangeleenthede. 'n Kwartaallikse publieke vergadering deur die wykraadslid bied 'n platform vir openbare deelname. Gedurende 2017 is hierdie vergaderings swak bygewoon. U word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak, waartydens daar ook geleentheid is om kwessies wat pla te opper.

Ek het die top 10 behoeftes van ons streek, as deel van die Munisipale Geïntegreerde Ontwikkelings-beplanning en -begroting (MGO) vir die tydperk
1 Julie 2017 tot 30 Junie 2022, ingedien. Die behoeftes weerspieël hoofsaaklik die instandhouding van infrastruktuur soos

paaie en stormwater, sowél as sandduinbestuur by die hoofstrand gebied.
'n Beraamde R25 miljoen is op die operasionele begroting aangevra, vir toepaslike pad infrastruktuur in Bettysbaai, Pringlebaai en Rooi Els.

Die beraamde begroting vir die Duine Bestuurs-projekte in Bettysbaai en Pringlebaai beloop Rm 2.
Die beraamde kapitale begroting vir die teer/plavei van strategiese paaie in ons streek is Rm15.

Fondse moet nog vir die projekte beskikbaar gestel word.

5.2 Veiligheid en Sekuriteit

Hangklip Veiligheid- en Sekuriteitsforum is verantwoordelik om munisipale hulpbronne saam met alle ander hulpbronne te koördineer, met die mandaat om 'n diens op die gebied van veiligheid en sekuriteit te lewer. Die Gesamentlike Operasionele Plan word oor die vakansie seisoen tussen 15 Desember 2017 en 5 Januarie 2018, geïmplementeer. Die plan, in samewerking met die SAPD, Buurtwagte, Munisipale Wetstoepassing, insluitende Plaaslike en Provinsiale Verkeerspolisie en die Brandweer, maak voorsiening om magte te vermenigvuldig. Bill Steyn en Jorika Rabie het goeie verhoudings met die SAPD opgebou, wat goeie samewerking en vinnige reaksie van die SAPD tot gevolg het.

Ons het gepoog om van tyd tot tyd sommige van die sekuriteitsmaatskappye te betrek om ons getalle te versterk, wanneer nodig.

Die grootste uitdaging bly nog steeds om die veiligheids-ingesteldheid van eienaars, wat nie hul huise behoorlik beveilig of hul alarmstelsels opgradeer nie, te verander. Dit is nodig om altyd een stap voor 'n inbraak te wees. Waaksaamheid is belangrik aangesien misdadigers ook aktief is, veral tydens die vakansie- en feesseisoen.

Ons is dank verskuldig aan Bill Steyn vir al die ure wat hy aan sy taak as koördineerder van die Buurtwag gewy het, Jorika Rabie, ons operasionele leier en al die toegewyde vrywilligers van die Buurtwag vir hul onselfsugtige diens, wat hul eie privaat tyd gee om 'n verskil in Bettysbaai te maak.

Die Bettysbaai Buurtwag (BBBW) is gestig deur die inisiatief van die Bettysbaai Belastingbetalers- vereniging

Die enigste beperking op jou impak is jou verbeelding en toewyding

(BBBV) en die twee organisasies werk nou saam. Die BBBW is geakkrediteer deur die Wes-Kaapse regering se Departement van Gemeenskapsveiligheid (DVGV) en werk onder die Hangklip-Kleinmond Gemeenskapspolisieforum (GPF).

Die BBBW is deel van die weeklikse Gesamentlike-operasionele vergadering waar operasionele kwessies met die polisie, munisipale wetstoepassing en ander buurtwagte van Kleinmond, Pringlebaai en Rooi Els bespreek word.

Die BBBW was dwarsdeur die jaar aktief behulpsaam met misdaadvoorkoming, brande, mediese en ander noodgevalle in Bettysbaai. Die misdaadvoorkomings-aktiwiteite het veral die vorm aangeneem

van operasies gedurende die nag, op verskillende ure, deur 'n relatief klein groepie vrywilligers. Hierdie operasies word beheer deur 'n gedragskode wat opgestel is volgens die riglyne wat deur DVGV verskaf is. Hierdie tipe operasies is 'n goeie afskrikmiddel as gevolg van die hoë sigbaarheidsfaktor. Dit het duidelik geword dat ons tegnologie moet gebruik om ons doeltreffendheid verder te verbeter om sodoende ons dorp te beskerm. 'n **Kamera-projek** word beplan, in samewerking met die SAPD en naburige dorpe, om verdagte voertuie wat in ons gebied inkom te identifiseer, sodat ons op hierdie wyse die SAPD behulpsaam kan wees om misdadigers vas te trek.
Finansiële bydraes ontvang van die inwoners en grondeienaars van Bettysbaai word ge-oormerk vir hierdie projek. Addisionele fondse gaan egter in 2018 benodig word om die projek suksesvol te kan finansier. Gedurende die jaar is nagsig toerusting en magnetiese kentekens gekoop. Baie dankie aan almal wat ‘n finansiële bydrae gemaak het.

Daar is ongeveer 3,000 erwe in Bettysbaai en ons het tans 587 inwoners/huiseienaars op ons databasis. Ons werk aktief om hierdie getal te verhoog.

Die eerste jaar van die bedrywighede na die her-instelling van die BW word geag suksesvol te wees, aangesien ons baie komplimente en baie min kritici gehad het.

5.3 Strande, Fasiliteite en Duinebestuur

Die toestand van openbare geriewe word gereeld ge-ïnspekteer en tekortkominge onder die aandag van die munisipaliteit gebring.

In Augustus 2016 is die Onderhoudsbestuursplan (OBP) vir die Bettysbaai Hoofstrand deur die Departement van Omgewing-sake en Beplanning (DOSB) goedgekeur. Hierdie plan is gegenereer deur 'n spesialis konsultant, Laurie Barwell, en befonds met vrywillige bydraes van lede van die Bettybaai Duine Belange-groep (DBG) en die BBBV. Die OBP is deur die Omgewings- bestuursafdeling van die Munisipaliteit Overstrand gewysig, soos vereis deur die DOSB, voor die finale inhandiging deur die Munisipaliteit. Die OBP laat die verwydering van sand toe vanaf die paaie, die padreserwes en die hoofstrand parkeer-area na die strand, sowél as die stabilisering van die duine area deur die pak van takke. Dit vereis ook beperkte toegang tot die strand via afgemerkte paaie om die gestabiliseerde duinveld te beskerm.
Die grootste uitdaging vir die implementering van die OBP sal altyd befondsing wees - veral vir die verskuiwing van groot hoeveelhede sand wat gespesialiseerde en duur toerusting vereis. Goeie vordering is by die parkeerarea gemaak met die duine se stabilisering en daar is formele toegang tot die strand verskaf.

In Morea-weg en Nerine-singel is die pad slegs oop gehou deur gebruik te maak van munisipale toerusting. ‘n Werkgroep van ‘Work for Coast’ is gebruik om die duinveld in hierdie gebied te ‘vries’ deur middel van die pak van takke. Ongelukkig word hierdie werk belemmer deur sommige eienaars van onbeboude grond / erwe wat weier om die pak van takke op

hul grond toe te laat. Die verwydering van sand stuksgewys van beperkte hoeveelhede sand van die paaie het ook sy tol op die padoppervlak ge-eis. Die situasie het onhoudbaar geword met die blootstelling van die elektrisiteits- en waterdienste wat voorheen onder die padoppervlak begrawe was en tot gevolg gehad het dat die toevoer van die dienste in Nerine Singel onderbreek was.

In Junie 2017 het die DGB en die BBBV 'n vergadering met die Munisipale Bestuurder en die ander amptenare gehad waar die onhoudbare situasie in Nerine-singel verduidelik is en die Munisipaliteit versoek is om die paaie en padreserwes heeltemal skoon te maak en die padoppervlakke te rehabiliteer.

Toe die goeie nuus - in Oktober 2017 het die Munisipaliteit 'n kontrakteur aangestel met die nodige toerusting om die sand te verwyder. Nerine- singel is heeltemal skoongemaak en het 'n nuwe grondlaag ontvang. Die sand is in ooreenstemming met die MBP naby die strand gestort, met 'n reuse ses-wiel vragmotor. Dit moes 'n baie duur operasie gewees het en ons wil die Munisipaliteit bedank vir hierdie goeie werk.

Duinstabilisering deur middel van die tak van pakke het begin, met die gebruik van die staatsbefondsde werkskeppingsprogram vir die kus. Alhoewél goeie vordering gemaak word, is dit teleurstellend om waar te neem hoe die sand vanaf eiendomme in Nerine-singel, waar die pak van takke deur die eienaars geweier word, reeds die pad wat sopas verbreed is, binnedring.

5.4 Eiendom, Beplanning en Ontwikkeling

Verlate huise, slordige erwe en stadige bou van huise:

In samewerking met die Munisipale Bouinspekteur, Sherwin Roussouw, fokus ons op die huise wat die aantreklikheid van die dorp beïnvloed en oefen druk op die eienaars uit om die toestand van hul onderskeie eiendomme te verbeter.

Alhoewel vordering stadig was, was daar 'n paar suksesse, hetsy deur:

- verandering van eienaars weëns die verkoop van eiendomme en daaropvolgende opknappings
- druk toegepas op eienaars deur ‘n hofbevel of hof verskynings
- kontant word beskikbaar en hernude belangstelling van vakansie-eienaars om hul eiendom op te knap

Aansoeke van eienaars om Titel aktes te verander, kondonering van foute met die bouwerk wat in die verlede gemaak is en hersonerings-versoeke

Hierdie proses is hoofsaaklik vinnig deur die BBBV hanteer, deur in alle gevalle gesonde verstand te gebruik. Waar veranderinge egter die unieke omgewing of geskiedenis van Bettysbaai bedreig, word sterk besware aan die Munisipaliteit voorgelê. Ons kommentaar/klagtes is tot dusver gerespekteer. Daar sal altyd druk wees om Bettysbaai meer te kommersialiseer, met aansoeke vir behuisings-komplekse en kleinhandelverkope ens. aangesien Bettysbaai een van die enigste oorblywende Overstrandgebiede is wat grond het wat ontwikkel kan word. Ons benadering is om die karakter van Bettysbaai so lank as moontlik te behou.

Toepassing van bywette van die Munisipaliteit en nakoming van Titel akte

Ons oefen voortdurend druk op die Munisipaliteit uit om die plaaslike verordeninge en titel akte -beperkings konsekwent toe te pas. Daar was té veel gevalle waar ‘reëls van toepassing is op sommige en nie vir ander nie.’ Interpretasie van titel-aktebeperkings is ook 'n rede tot kommer, bv. die titel aktes van Sunny Seas vereis die toestemming van alle eienaars van eiendom en nie net van die aanliggende eienaars nie, wanneer 'n eienaar aansoek doen om byvoorbeeld verslapping van die titelakte.

Lede word aangemoedig om seker te maak van die inhoud van die titelakte voorwaardes wat op hul eiendomme opgelê is. Hierdie voorwaardes is instrumenteel om te verseker dat die karakter van ons dorp gehandhaaf word - byvoorbeeld deur slegs 'n enkele woning op 'n erf toe te laat, wat as enkel residensieel gesoneer is. ‘n Ander titel akte voorwaarde is die verbod op die oprigting van hout- en/of sinkstrukture asook gastehuise op ‘n erf gesoneer as enkel residensieël.

5.5 Paaie en Stormwater

Die portefeuljebestuurder is voortdurend in noue kontak met die munisipaliteit om hulle te adviseer oor paaie wat aandag benodig. Dit toon 'n mate van sukses.

Tydens 'n openbare vergadering is die Raad gekonfronteer met die swak toestande van ons paaie. In November 2017 het die burgemeester 'n besoek aan die gebied gebring, vergesel van 12 amptenare. Hy het aangedui dat die probleme wat aan hom uitgewys is, aangespreek kan word uit fondse wat in die instandhoudingsbegroting toegeken is. Dit sluit in die verf van straatname met ‘n reflektiewe verf, die terugsny van bosse langs die paaie om stormwaterslote wat aandag moet kry sigbaar te maak en die oopsny van brandkrane.

5.6 Water, afval-water en sanitasie

Dit is 'n jaar sedert die watersuiwering aan 'n privaat maatskappy, genaamd Viola, toegeken is. Sedert die uitkontraktering is daar nog geen klagtes aangaande dienslewering ontvang nie.

Daar kom nog baie gevalle van gebarste waterpype voor, aangesien die ou retikulasiestelsel steeds in baie areas van Bettysbaai gebruik word. Die opgradering van hierdie stelsel sal eers kan geskied sodra fondse binne die kapitaalbegrotings-program vir hierdie projek beskikbaar gestel word.

Die watermonster toetsuitslae word gereeld ontvang. Gedurende 2017 is geen besoedeling van water bespeur nie. In gevalle waar teenstrydighede voorkom, spreek die portefeuljebestuurder die probleem persoonlik met die plaaslike owerheid aan.

5.7 Brandbestryding

Tans is daar net drie vrywillige brandbestryders in Bettysbaai. Met die dalende aantal vrywillige brandbestryders, het ons samesprekings gehad met die Pringlebaai Vrywilligers en die Brandweerhoof van Overstrand Munisipaliteit oor die moontlike samesmelting van die twee vrywilligergroepe. Die beginsel is aanvaar en finale skriftelike goedkeuring in die vorm van 'n memorandum van verstandhouding word afgewag.

Die fasiliteit wat aan die vrywilligers agter die biblioteek in Bettysbaai toegewys is, sal so bly en van die fondse wat ingesamel word, sal gebruik word vir die opknapping en opgradering van die fasiliteit. Aangesien Bettysbaai deel vorm van die Overberg HOË BRANDRISIKO-gebied, beoog ons die oprigting van kennisgewings (‘bokkie-borde’), sodra ons toestemming van die Munisipaliteit Overstrand verkry. Die Bettysbaai nood ontruimingsplan vir alle noodtoestande is in die finale konsepvorm en sal binnekort afgehandel word. Op die Bevelstruktuur van die Rampbestuur, is daar ‘n aantal 'n aantal poste wat gevul kan word deur vrywillige inwonende lede uit die gemeenskap wat deur die BBBV benoem word.

Vier van hierdie posisies kan gevul word uit die geledere van die komitee: BBBV-verteenwoordiger (voorsitter), BBBV-eenheid (ondervoorsitter), Gemeenskapswag (BBNW-koördineerder), Gemeenskapsbrand (koördineerder). Die vakante poste is: gemeenskaps-verkeer, medies, kos, fasiliteite en grondsteun. Ons nooi vrywilligers omhulself beskikbaar te stel om op hierdie komitee te dien. Kontak asseblief die voorsitter of Jorika Rabie.

Met die onlangse brande wat die afgelope jaar in ons streek voorgekom het, het die Bettybaai gemeenskap weereens hul welwillendheid bewys deur donasies van kos en ander verversings aan ons brandbestrydes. Ek salueer ook die gemeenskap vir hul betrokkenheid.

Alle inwoners en besoekers word gesensiteer dat ons bevoorreg is om binne 'n Fynbos-omgewing te woon. Daarom die oproep om baie versigtig te wees wanneer u 'n buite braai het. Ons beveel aan dat u 'n gekoppelde tuinslang byderhand het en dat alle vure/kole heeltemal geblus word. As u 'n binnenshuise vuur het, maak seker dat die kole koud is voordat u dit buite gooi.

Ons vrywillige brandbestryders sal tydens die vakansietyd op patrollie wees en sal in Bakkie 6 sigbaar wees.

6. KOMMUNIKASIE

Kommunikasie met ons lede is hoofsaaklik deur die BBBV Webblad, ons elektroniese boodskapper. Ons is gelukkig om Donn Ingle as ons webmeester te hê. Dankie vir die uitstekende werk en die baie ure wat jy voor die rekenaar spandeer. Donn is bereid om ons webblad weer gedurende 2018 te bestuur.

U word aangemoedig om ons webblad gereeld te lees, aangesien ons, ons lede op hoogte wil hou van gemeenskapsake, aangeleenthede wat bespreek word en aksies wat deur die komitee geneem word. Ons moedig ons lede aan om artikels van belang vir die gemeenskap vir plasing in te stuur.
Ons poog om die webblad interaktief te maak en kry tans nie voldoende artikels nie.

Van tyd tot tyd word e-posse wat aan lede gerig word, nie afgelewer nie. Ons moedig al ons lede aan om te verseker dat veranderinge in enige van u kontakbesonderhede aan ons oorgedra word.

Die publikasie van 'The Buzz', is nog steeds op ys geplaas, omdat ons het nie 'n redakteur vir die nuusbrief het nie. Tot op hede het geen vrywilliger sy of haar kundigheid aangebied om die uitdaging

aan te pak nie. Ons sien egter steeds 'n behoefte aan so 'n publikasie in gedrukte vorm.

SLOT

Geniet u hierwees en verblyf in Bettysbaai oor die vakansie en feestyd.

Kersgroete vir almal en dankie vir u volgehoue ondersteuning van die BBBV.

Vriendelike groete
Rudi Perold
Voorsitter
Desember 2017

Daar is 'n verskil tussen belangstelling en toewyding.

TOEWYDING

is ‘n daad nie ‘n woord nie.

Dit gaan nie oor tyd wat ontbreek nie,

Dit gaan oor tyd maak.